Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, January 07, 2021
Page: 29





# Siektedekking en jou boedel

**Al hoe meer Suid-Afrikaners eis van hul versekeraars vir gevreesde siektes en trauma. Die vraag is egter tot watter mate dié geld deel is van die versekerde se boedel en hoe sulke polisse tydens boedelbeplanning hanteer moet word.**

Alle polisse op jou lewe se boedelbelasbaarheid word gereël ingevolge die Wet op Boedelbelasting (Wet 45 van 1955) en moet in berekening gebring word wat boedelbelasting betref omdat dit as geagte bates gesien word. Daar is egter uitsonderings, soos korrek gestruktureerde polisse vir die finansiering van die koop en verkoop van belange en polisse wat ingevolge 'n voorhuwelikse kontrak aan gades en kinders geskenk word.

Dekking vir sogenoemde gevreesde siektes of trauma in versekeringspolisse is spesifiek ontwerp om die versekerde in staat te stel om die herstel ná die opdoen van so 'n ernstige siekte (byvoorbeeld kanker of hartsiektes) te finansier, en in ernstiger, terminale gevalle om sy of haar sake voor afsterwe in orde te kry.

Die verskillende soorte dekking vir gevreesde siektes en die wyse waarop eise uitbetaal word, word nie hier bespreek nie en is die spesialisveld van kundige versekeringsadviseurs.

Die toename in eise wat dekking vir gevreesde siektes in Suid-Afrika betref, spreek vanself en ons word gereeld gevra of sodanige uitbetalings deel is van 'n oorledene se boedel. Ten einde die saak op te klaar, moet ons eers verstaan wie die partye is wat by die spesifieke versekeringsaak betrokke is.

- Die versekerde lewe is nie noodwendig 'n party tot die ooreenkoms tussen hom/haar en die versekeringsmaatskappy nie, maar kan uiteraard wees as hy/sy ook die eienaar is. 'n Persoon koop dus eenvoudig 'n polis op sy/haar lewe en betaal die premie. In hierdie geval is die twee partye dieselfde.
- Die eienaar van die polis is die persoon of entiteit wat geregtig is op die opbrengste van die polis by die plaasvind van 'n voorafbepaalde, versekerde gebeurtenis soos by dood, ongeskiktheid of ernstige siekte. 'n Maatskappy neem byvoorbeeld 'n polis uit op 'n direkteur om borgstelling van skuld van die maatskappy te dek.
- 'n Begunstigde is 'n persoon of entiteit wat vrywillig deur die eienaar van die polis aangewys word om die opbrengs van die polis te ontvang by afsterwe van die versekerde lewe. Die begunstigde beskik gewoonlik oor geen regte voor die afsterwe van die versekerde lewe nie.

Die vraag of die opbrengs van 'n dekkingseis vir gevreesde siekte deel vorm van 'n kliënt se boedel, hang heeltemal van die omstandighede af.

Indien die versekerde en eienaar dieselfde persoon is, vorm die uitbetaling van sodanige eis voor die afsterwe van die versekerde lewe in beginsel altyd deel van sy/haar boedel bloot omdat die geld in sy/haar rekening inbetaal is. As daar dus by afsterwe nog geld oor is, word dit eenvoudig deel van die boedel.

Meer belangrik vir ons is wanneer 'n ander party, soos jou maatskappy, die eienaar van die polis is. Hierdie scenario is algemeen in die landboubedryf waar 'n boer as direkteur van sy maatskappy borg teken vir skuld. In hierdie geval betaal die eis aan die eienaar uit, dus die maatskappy. Omdat die versekerde nog leef, vorm sodanige uitbetaling nooit deel van sy boedel nie. By afsterwe binne 'n tyd ná die uitbetaling van die eis word die opbrengs van die polis in beginsel weer deel van die oorledene se boedel as synde 'n geagte bate. Daar is egter gevalle waar so 'n polis uitgesluit is, maar dan moet aan baie streng voorwaardes voldoen word.

Indien die maatskappy ná die uitbetaling van die eis ten opsigte van die gevreesde siekte sou besluit om nié die skuld van die maatskappy te delg nie en die opbrengs van die eis aan die versekerde uit te keer, sal sodanige uitbetaling belastinggevolge inhou. Dit moet dan met omsigtigheid en met die hulp van kundige advies benader word.

Die vraag of dit sinvol is om dekking vir gevreesde siektes op maatskappypolisse by te voeg, is debatteerbaar. Die algemeenste standpunt is dat hierdie soort dekking afsonderlik gehou moet word van sogenoemde sakeversekering en tuis hoort by persoonlike finansiële beplanning en voorsiening.

Dit is noodsaaklik om advies te bekom van 'n span kundiges wat 'n versekeringspesialis moet insluit. Die beplanning van risikodekking behoort integraal te wees tot jou boedel en moet nie aan 'n enkele kundige oorgelaat word nie. **LBW**

*Mnr. Johan Brandt is 'n lid van Fisa en 'n regs-en-sakekonsultant verbonde aan Allegiance Consulting (Edms.) Bpk.*

NAVRAE: E-pos: **info@allegiance.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.